

Saterdag 6 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6:9-11

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:9, 10;  
Heidelbergse Kategismus 32:87

## Geen volhardende sondaar in die koninkryk van God nie

In Sondag 32 word oor goeie werke gehandel. Ons moet dit doen omdat Christus ons met sy bloed gekoop het en deur sy Heilige Gees tot sy beeld vernuwe. Wie sy beeld vertoon, moet goeie werke doen. Wat gebeur dan met die mens wat in sy goddelose lewe volhard en hom nie bekeer en goeie werke doen nie?

Die antwoord van die Skrif en die belydenis is daarvoor baie duidelik: Geen volhardende sondaar sal die koninkryk van God beërf nie. Hoewel ons nie met ons goeie werke die ewige saligheid kan verdien nie, is dit onmoontlik om die ewige saligheid te beërf sonder goeie werke. Wie slegte werke doen of net geen goeie werke doen nie, is nie 'n verlore kind van God nie. Christus sê ook dat as die lote van die wingerdstok geen vrugte dra nie (geen goeie werke doen nie), sny die hemelse Landbouer dit af en gooi dit in die vuur (Joh. 15:2, 6). Die onvrugbare vyeboom word uitgekap (Luk. 13:6-9).

Daarom sê die Skrif dat geen volhardende sondaar die koninkryk van God sal beërf nie. Daar word in die Skrif verskeie lyste van sulke volhardende sondaars gegee (1 Kor. 6:9, 10; Gal. 5:19-21; Ef. 5:5; Op. 22:15). Sommige van hierdie volhardende sondaars word in navolging van die Skrif ook in die Kategismus genoem (Antw. 87).

Dit alles beteken nie dat iemand wat in sonde val, verlore is nie. Beslis nie! Dit word ook nie in die Skrif en die belydenis gesê nie. Daar word immers gepraat van mense wat in hulle goddelose en ondankbare lewe *volhard* en hulle nie tot God *bekeer* nie, en daarom geen goeie werke doen nie. Wie uit dankbaarheid goeie werke wil doen, maar soos Dawid en Petrus uit swakheid in sonde val, daarvoor berou het en hulle daarvan bekeer, kan daar-van seker wees dat ook hulle deel het aan die koninkryk van God. 'n Gebroke en verplet-terde hart sal God immers nooit minag nie (Ps. 51:19).

Die stelling dat 'n mens sonder goeie werke nie deel aan die ewige lewe sal kry nie, word deur sommige betwis met verwysing na die misdadiger wat saam met Christus gekruisig is (Luk. 23:39-43). Volgens hulle het hy geen goeie werke gedoen nie. Hierdie argument is egter nie geldig nie. Trouens, sy optrede is juis 'n bewys dat geloof en bekering altyd goeie werke tot gevolg het. Die oomblik toe hy tot bekering gekom het, het hy begin om die gekruisigde wat met Jesus gespot het, te bestraf vir sy optrede en te bely dat Jesus niks verkeerd gedoen het. Daarby het hy sy toevlug vir sy lewe ná die dood by Jesus gesoek ... en gevind!